higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG
NKR VLAK 4

(5050094)

21 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

184Q1N2321

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ‘n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Die kurrikulum is die inhoud, metodes en hulpbronne wat in ‘n leerkursus onderrig word.

1.2 ‘n Sleuteleienskap van die ou sillabus was vordering van een graad na ‘n ander.

1.3 Alle vakke wat in die AOO-band van die onderwysstelsel bestudeer word, word leerareas genoem.

1.4 Die doel van assessering is om negatief op die leerder se swakhede te fokus.

1.5 Terugvoering is inligting wat ons ontvang oor hoe ons ‘n taak voltooi het, wat aan die hand van ‘n bepaalde doelwit gemeet word.

1.6 Die konsep *ontdekking (eksplorasie*) beteken dat die onderwysers bereid is om nuwe idees te beproef.

1.7 Gehalteversekering is nodig om hoë standaarde te handhaaf.

1.8 Dit sou gepas wees om vir leerders in Graad R ‘n rekenaargebaseerde assesseringstaak te beplan.

1.9 Projekte assesseer en ontwikkel noodsaaklike vaardighede soos om inligting te herroep, probleme op te los en kreatief te dink.

1.10 Deurlopende assessering pas goed by die huidige onderwysstelsel in, omdat leerders op ‘n reis van lewenslange leer is.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies die korrekte term uit dié tussen hakies en skryf dit langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Klaskamerstrukture moet gedurende die akademiese jaar ‘n (roetine/uitsondering) word.

2.2 Effektiewe tydsbestuur help om tydverkwisting (uit te skakel/te vermeerder).

2.3 Klaskamerdisipline sal net werk indien die onderwyser die (dissipline/taal)-beleid op ‘n konsekwente, regverdige en deurlopende manier toepas.

2.4 Die vermoë om twee tale te kan praat, word (tweeledigheid/tweetaligheid) genoem.

Kopiereg voorbehou

2.5 Leerhulpbronne wat deurlopend slegs een kultuur weerspieël, kan daartoe lei dat leerders (uitgesluit/ingesluit) voel.

2.6 Waarskuwings en regstellings is net effektief as die onderwyser dit (dikwels/spaarsamig) gebruik.

2.7 Om op student te skree, kan beskou word as ‘n (proaktiewe/reaktiewe) manier om orde te herstel.

2.8 (Oorvleueling/Waaksaamheid) as ‘n bestuursvaardigheid in onderwys beteken dat die onderwyser verskillende dinge gelyktydig kan doen.

2.9 Die onderwyser en leerder moet ‘n (outentieke/samewerkende) verhouding hê ten einde wedersydse begrip te kweek.

2.10 Wanneer onderwysers (krities/gemaklik) na assesserings kyk, kyk hulle vanuit alle hoeke daarna.

2.11 (Grondslag-/Praktiese) bekwaamheid is wanneer ons verstaan wat ons doen en waarom ons dit doen.

2.12 As leerbemiddelaars moet onderwysers oor die vermoë beskik om te (reflekteer/voorspel).

2.13 ‘n (Tegniek/Hulpmiddel) is ‘n praktiese metode om ‘n moeilike taak te doen.

2.14 ‘n Bewysportefeulje is ‘n versameling van (voorbeelde/simbole) van ‘n leerder se werk.

2.15 ‘n (Interne/Eksterne) moderator verseker dat assesserings regverdig, gepas, konsekwent en deursigtig is.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 3

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–P) langs die vraagnommer (3.1–3.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Assesseringstandaarde	A	Lauren demonstreer altyd vaardighede, kennis en begrip in al haar beroepsgerigte vakke.
3.2	Vakuitkomste	B	Leidinggewing is ‘n goeie proses wat mev Sallie gebruik om te verseker dat take op ‘n effektiewe manier uitgevoer word.
3.3	Prestasie	C	Mnr Gacula glo daaraan om visuele hulpmiddels soos ‘n dataprojektor te gebruik wanneer hy ‘n gehoor toespreek.
3.4	Joernale		
3.5	Graderingskaal		
3.6	Beplanning		

Kopiereg voorbehou

3.7	Organisering	D	Dit beskryf die bewyse wat aantoon dat Melissa die leeruitkomste bereik het.
3.8	Leierskap	E	Mev Botha is ‘n uitstekende onderwyser, wat altyd haar lesse die vorige dag voorberei.
3.9	Beheer	F	Siphelele produseer altyd ‘n interessante stuk skryfwerk oor ‘n bepaalde kwessie.
3.10	Ekstrinsieke motivering	G	Vir Sandra om as bekwaam teen alle assesseringstandaarde verklaar te word, moet sy die vakinhoud ken en dinge prakties kan doen.
3.11	Opstelle	H	Een van mev Ndzala se sterk punte is om items effektief te rangskik.
3.12	Gevallestudies	I	Mnr Kondile gebruik ‘n metode waarin hy werklike situasies en vrae wat daarop gegrond is gebruik om leerders se kritiese denkvaardighede te toets.
3.13	Mondelinge aanbieding	J	Mev Hendricks moet vakspesifieke publikasies lees om op hoogte te bly van die nuutste inligting met betrekking tot onderwys.
3.14	Simulasie	K	Bongo beskik oor die vermoë om aan musiekvorms uitdrukking te gee, wat sensitiwiteit vir ritme en melodie insluit.
3.15	Geheuekaarte	L	Nabootsing van ‘n praktiese konteks in die regte wêreld is ‘n metode wat mnr Pierce dikwels gebruik om leerders die geleentheid te gee om teorie in die praktyk toe te pas.
		M	Olwethu beskik oor die vermoë om mense se gedrag te beïnvloed of te rig.
		N	‘n Tegniek wat mev Smith gebruik om die vaardigheids- of gedragsgraad wat deur die leerder getoon word, aan te dui.
		O	Mnr Fortune moedig sy Graad 8-leerders aan om grafiese voorstellings te gebruik om te studeer.
		P	Mev Jones gee aan die einde van die jaar vir Jenna ‘n sertifikaat as beloning vir akademiese uitnemendheid.

(15 × 1) **[15]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die volgende terme:

4.1.1 Prosedure

4.1.2 Lyfstraf

4.1.3 VBOO (‘ABET’)

4.1.4 Inisiatief

4.1.5 Sistematies

(5 × 2) (10)

4.2 Noem die DRIE fases in Algemene Onderwys en Opleiding. (3 × 1) (3)

4.3 Die gebruik van moderering het implikasies en gevolge vir onderwysers en leerders. Noem VYF implikasies van moderering. (5 × 2) (10)

4.4 Jy is ‘n Graad R-onderwyser.

Noem VYF kriteria wat jy in jou kontrolelys vir hulpbronne en leermateriaal sal insluit. (4 × 1) (4)

4.5 Noem SES assesseringsbeginsels. (6 × 1) (6)

4.6 Dui aan of elk van die volgende stellings die tradisionele benadering of die uitkomsgebaseerde benadering tot onderwys weerspieël:

4.6.1 Die kriteria is voorafbepaald en vorm deel van die standaard.

4.6.2 Die sillabus bepaal die assessering. (2 × 1) (2)

[35]

TOTAAL AFDELING A: 75

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Identifiseer die bestuursbenaderings in elk van die volgende scenario's:

5.1.1 Mev Petersen is baie toeganklik. Die kinders in haar klas mag met mekaar saamwerk, vrae vra en uitdrukking aan hul gevoelens gee.

5.1.2 In mnr Bernard se moet die leerders altyd stil bly en na hom luister. Hulle mag nie vrae vra of in groepe saamwerk nie.

5.1.3 Mev Neelan laat die kinders heelwat vryheid toe en dit kan tot dissiplineprobleme lei.

5.1.4 Mev Graham kom dikwels onvoorbereid klas toe en laat die leerders toe om hulself besig te hou. Sy is altyd gefrustreerd wanneer dit tyd vir assesserings is, omdat sy dan in 'n kort tydjie baie werk moet inhaal.

5.1.5 Mnr Zuma verwar sy leerders, omdat hulle nie weet wat om van die een leerervaring tot die volgende te verwag nie.

(5 × 2) (10)

5.2 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg:

> Highgate Sekondêre Skool is 'n privaat skool wat in 'n welgestelde voorstedelike omgewing geleë is. Die skoolhoof, mnr Goodway, aanvaar nie leerders wat met MIV en VIGS besmet is by sy skool nie.
>
> Leerders wat reeds in die skool is en die infeksie opgedoen het, word geskei van die leerders wat nog nie daarmee besmet is nie. Eenmaal per maand word 'n gesondheidswerker uitgenooi om die leerders toe te spreek en hulle tereg te wys omdat hulle onverantwoordelik is en nie hulself teen MIV en VIGS beskerm nie.
>
> Die skoolhoof voel dat dit 'n verkwisting van die skool se geld is om onderwysers oor die onderwerp op te lei, en dat hulle op eie koste oor die saak moet lees en inligting inwin. Weens die skoolhoof en die onderwysers se negatiewe houding jeens hierdie leerders distansieer die ander leerders hulle en sosialiseer hulle nie met die besmette leerders nie.

5.2.1 Identifiseer VYF aspekte uit die scenario hier bo wat nie met die Departement van Onderwys se MIV-en-VIGS-beleid ooreenstem nie. (5 × 2) (10)

5.2.2 Veronderstel jy is die skoolhoof by Highgate Sekondêre Skool. Noem VYF maniere hoe jy die onderwysers en leerders by hierdie skool se ingesteldheid sal verander. (5 × 1) (5)

[25]

VRAAG 6

6.1 Na jou mening, wat kan die redes vir die dissipline-uitdagings in skole wees? Gee DRIE van jou eie redes. (3 × 2) (6)

6.2 Les die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg:

> Jy is ‘n pre-primêre onderwyser vir 3- tot 4-jarige leerders. Dit is ‘n warm Vrydagmiddag, en jy besluit om ‘n les oor kleure te gee. Jy begin die les deur te verduidelik dat ‘n nuwe kleur verkry kan word deur twee ander kleure te meng. Die leerders is nie met die basiese primêre kleure vertroud nie en verstaan dus nie die konsep om primêre kleure te meng om sekondêre kleure te kry nie. Jy besef dat jy nie goed voorbereid was vir die les nie.
>
> Gedurende die les verloor die leerders belangstelling en begin met mekaar gesels. Hulle antwoord nie wanneer jy hulle vrae vra nie.
>
> Wanneer jy oor die dag se werk reflekteer, besef jy dat jy ‘n paar foute gemaak het.

6.2.1 Gee DRIE redes waarom die les na jou mening nie effektief was nie. (3 × 1) (3)

6.2.2 Noem DRIE maniere waarop jy die les anders sal aanbied indien jy weer ‘n soortgelyke les sou moes aanbied. (3 × 2) (6)

6.3 Die Departement van Basiese Onderwys by elke scenario hier onder pas. Skryf slegs die vraagnommer (6.3.1–6.3.5) en die tipe beleid in jou ANTWOORDBOEK neer.

6.3.1 Sesethu het ‘n leerstruikelblok, maar sy moet toegelaat word om aan alle skoolaktiwiteite waarin sy belangstel deel te neem.

6.3.2 By Sunshine Primêre Skool word leerders deur baie leeswerk en kommunikasie aangemoedig om linguisties te ontwikkel.

6.3.3 Daar word van onderwysers verwag om regdeur die jaar vir ouers die leerders se bewysportefeuljes te wys, sodat kinders kan weet indien die leerder in die klas sukkel.

6.3.4 Greenfields Primêre Skool se bestuurspan en beheerliggaam streng optree teen ‘n onderwyser wat ‘n leerder van enige soort skoolaktiwiteit uitsluit.

6.3.5 Michelle het uitdagings met wiskunde, en dit is dus belangrik dat die onderwyser haar probleem identifiseer ten einde haar te help om hierdie probleem te bowe te kom. (5 × 2) (10)

[25]

VRAAG 7

7.1 ‘n Onderwyser behoort veelvuldige intelligensies te kan bestuur ten einde leerderdeelname te bestuur. Bestudeer die prente hier onder en identifiseer die tipe intelligensie wat in elke prent uitgebeeld word. Skryf die betrokke tipe intelligensie langs die vraagnommer (7.1.1 – 7.1.5) neer en gee ‘n kort rede vir jou antwoord.

7.1.1



7.1.2



7.1.3



7.1.4



7.1.5



(5 × 2) (10)

[Bron: *www.google/images.co.za*]

7.2 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg:

Mev Casoojee is ‘n uitstekende onderwyser met 30 jaar ervaring. Deur haar onderrigloopbaan het sy ‘n aantal waardevolle lesse geleer. Een van haar beste gebruike is dat sy in reflektiewe onderrig glo.

Sy hou altyd ‘n persoonlike notaboek waarin sy oor elke les aantekeninge maak oor haar optrede, haar reaksies, haar gevoelens, hoe goed die lesse verloop het en op watter terreine sy kan verbeter. Sy vra dikwels een van haar kollegas om haar lesse op te neem en dan reflekteer sy daaroor om te kyk waar sy kan verbeter. Sy kan altyd op bepaalde aspekte van haar lesopnames fokus en daaruit leer.

Al haar lesplanne het ‘n ruimte vir refleksie, waar sy aantekeninge m aak oor dit wat goed gegaan het, dit wat nie goed gegaan het nie, en waar sy in toekomstige lesse kan verbeter. Sy vra haar leerders vir terugvoering oor haar lesse omdat die leerders se persepsies, reaksies en menings waardevolle riglyne kan bied oor hoe sy haar lesse kan verbeter.

7.2.1 Identifiseer DRIE hulpmiddels vir reflektiewe onderrig uit die bostaande scenario.
(Enige DRIE relevante antwoorde) (3 × 2) (6)

7.2.2 As ‘n onervare onderwyser, watter strategie vir reflektiewe onderrig sal jy gebruik om by mev Mrs Casoojee te leer? (1)

7.3 Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) het ‘n positiewe uitwerking op onderrig en leer. Jy is ‘n Graad R-onderwyser en jou tema is “Seediere”. Gee EEN voorbeeld vir elke LOOM hier onder wat op jou tema betrekking het:

7.3.1 Menslike hulpbronne

7.3.2 Ouditiewe media

7.3.3 Voorwerpe en items uit die alledaagse lewe

7.3.4 Reël uitstappies en ekskursies (4 × 2) (8)

[25]

VRAAG 8

8.1 Waarnemingsblaaie as ‘n hulpmiddel wat gebruik word om assesseringsoordele op te teken, word dikwels in kleuterskole gebruik.

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg:

Jy is ‘n onderwyser in ‘n Graad R-klaskamer vir 5-6-jariges by Little Kitty’s Educare. Jy benodig waarnemingsblaaie as ‘n assesseringsinstrument in jou klaskamer. Chloe September is ‘n energieke, lewenslustige dogtertjie. Sy is in die Freddy Frog-groep en dit is ‘n grondlynassessering wat gedurende die eerste termyn van die jaar gedoen word. Chloe se groot motoriese vaardighede, fyn motoriese vaardighede en liggaamsbewustheid is uitstekend. Haar sosiale vaardighede is swak ontwikkel omdat sy ‘n enigste kind is en verkies om op haar eie te speel. Sy is nog baie afhanklik van die onderwyser om haar tydens etenstye en haar toiletroetine te help. Chloe se verbale vaardighede en luistervaardighede kis goed, wat daarop dui dat sy nie enige probleme met haar taalontwikkeling ondervind nie. Sy identifiseer, ken en verstaan alle konsepte soos vorms, kleure en syfers. Haar konsentrasiespan is baie kort en sy kan dus nie baie lank stilsit nie.

Ontwerp jou eie sjabloon van ‘n waarnemingsblad vir die bogenoemde leerder op grond van die inligting in die scenario.

Gebruik die volgende inligting as ‘n riglyn: Naam van skool Naam van leerder Klasgroep Termyn (4 × 1)

ASPEK VAN ONTWIKKELING: Fisiese ontwikkeling Taalontwikkeling Sosiale en emosionele ontwikkeling Verstandelike ontwikkeling (noem EEN aspek uit die bostaande scenario onder elke tipe ontwikkeling) (4 × 1)
WAARNEMINGS: (gee EEN opmerking langs elke aspek onder die waarnemings) (4 × 1)

(12)

8.2 Sorteer die stellings hier onder in die onderskeie afdelings van die Leerprogram, Werkskedule/rooster en Lesplanraamwerk.
Noem slegs TWEE faktore onder elke opskrif.

- Spanbeplanning.
- Onderwysers in ‘n bepaalde graad.
- Individuele onderwyserbeplanning.
- Beskryf inhoud van elke les.
- Alle onderwysers in ‘n fase werk saam.
- Noem al die leeruitkomste vir die jaar.
- Sluit al die grade in.
- Moet vir die hele week voorbereid wees.
- Alle werk vir die jaar moet op die werkskedule wees.

Teken die tabel hier onder in jou ANTWOORDBOEK oor.

Leerprogram	Werkskedule	Lesplan

(3 × 2) (6)

8.3



[Bron: *www.google/images.co.za*]

8.3.1 Die foto hier bo toon ‘n voorbeeld van swak klaskamerbestuur.

Noem VIER maniere waarop die onderwyser sy klaskamer meer effektief kan bestuur. (4 × 1) (4)

8.3.2 Noem DRIE maniere waarop onderwysers leerders kan help om selfdissipline te ontwikkel. (3 × 1) (3)

[25]

VRAAG 9

9.1 Die Departement van Onderwys identifiseer VIER struikelblokke tot leer as mees algemeen. Sorteer die stellings hier onder in die onderskeie struikelblokke (afdelings), naamlik Gestremdheidstruikelblok, Taal-en-kommunikasiestruikelblok; Sosio-ekonomiese struikelblok; en Diskriminerendehouding-struikelblok.
Noem slegs TWEE faktore onder elke opskrif.

• Huistaal verskil van die taal van Onderrig en Leer.
• Aandagafleibaarheidsindroom
• Sielkundige versteuring
• Negatiewe houdings teenoor leerders wat Isizulu praat.
• Swak mondelinge taalontwikkeling as gevolg van ‘n gebrek aan kommunikasie en leergeleenthede.
• Armoede en honger
• Negatiewe houdings teenoor leerders wat Serebrale Gestremdheid (breinverlamming) het.
• Huishoudings waarvan leerders aan die hoof staan weens die afsterwe van albei ouers.
• Die meeste onderwysers in Suid-Afrika kan nie gebaretaal as ‘n taal van Onderrig en Leer gebruik nie.
• Sukkel om nuwe konsepte te verstaan as gevolg van ondergemiddelde verstandelike funksionering.

Teken die tabel hier onder in jou ANTWOORDBOEK oor.

Gestremdheidstruikelblok	Taal-en-kommunikasie-struikelblok	Sosio-ekonomiese struikelblok	Diskriminerendehouding-struikelblok

(4 × 2) (8)

9.2 Gee DRIE voorbeelde van kultuurverskille wat tussen leerders kan voorkom.
(3 × 1) (3)

9.3 Daar is VIER verskillende soorte assesserings, Spesifiseer watter assessering die beste by elke scenario hier onder as. Skryf slegs die vraagnommer (9.3.1 – 9.3.7) en die tipe assessering in jou ANTWOORDBOEK neer.

9.3.1 Mnr Naidoo gebruik hierdie tipe assessering om leerders se sterk punte en swakhede te diagnoseer en aan hulle terugvoering oor hul vordering te gee.

9.3.2 Mej Zathu gebruik hierdie tipe assessering aan die begin van die jaar om te kyk op watter vlak haar leerders is.

9.3.3 Hierdie tipe assessering word aan die einde van ‘n leerproses by North End TVOO-kollege gebruik om te kyk of die leerders al die vereiste uitkomste bereik het.

9.3.4 Primrose se leerstruikelblokke is vroeg in die jaar deur mnr Groenewald gediagnoseer, en dus kan sy nou remediërende hulp en leiding ontvang.

9.3.5 Hierdie tipe assessering neem die vorm aan van toetse en eksamens by Nonthuthuzelo Sekondêre Skool.

9.3.6 Mev Nash gebruik hierdie tipe assessering as die basis om haar onderrig en leer aan te pas.

9.3.7 Mev Ngwenya glo dat ouers by hierdie tipe assessering betrokke moet wees, om inligting in te win en terugvoering te gee.

(7 × 2) (14)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 125
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou